**die Wapad**

Jaargang XV — DINSDAG, 18 OKTOBER 1960 — Nr. 13

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# 1960: MOEDIGE POGINGS TOT KONTAK EN SAMEWERKING

**DIE HOOGTEPUNT aan die interuniversitêre front in die jaar 1960 was ongetwyfeld die grootse kongres van die A.S.B. te Heidelberg, die Kollegedorp van die Noorde.**

**Hierdie kongres het weer die erns van die verantwoordelikheidsdraende jeug van Suid-Afrika met die toekoms van hierdie land bewys. Die kongres het die Afrikanerstudente opnuut laat besin en opgeskerp oor die plek en betekenis van Suid-Afrika in Afrika en die wêreld.**

Die P.U. het die president van die Hoofbestuur, mnr. Hennie van der Walt, en die sekretaris, mnr. Idyll van der Walt, opgelewer.

● Afsonderlike universiteitsgeriewe vir blank en nie-blank het in hierdie jaar 'n werklikheid geword. Nou staan die Afrikaanstalige Universiteite skielik ook in die posisie waar suiwer nie-blanke inrigtings aanvaar moet word as kollegas.

### MOEDIGE POGINGS

● 'n Mens kan die jaar 1960 aan die interuniversitêre front verder karakteriseer as 'n jaar waartydens moedige pogings tot samewerking deur die Studenteraad van die P.U. gedoen is.

Sonder die prysgawe van beginsels het ons studenteleiers in belang van Suid-Afrika gepoog om kontak en voeling met andersdenkendes te bewerkstellig.

Dat die P.U. se pogings telkens op 'n dooiepunt uitgeloop het, was nie te wyte aan 'n hardnekkige weiering aan ons kant om saam te werk nie, maar in die eerste plek as gevolg van botsende uitgangspunte hoofsaaklik tussen die A.S.B. en Nusas.

### HOOGS SKEPTIES

Terloops kan nie nagelaat word om op te merk nie dat 'n A.S.B.-ondersteuner hoogs skepties staan teenoor Nusas se benaderingswyse tot samewerking (by monde van hul president, mnr. John Shingler tydens sy onlangse besoek aan die P.U. en ook in 'n brief aan Die Wapad van 28 Junie vanjaar).

As dit Nusas se benadering tot samewerking is, nl. dat Nusas alleen die breë raamwerk vir samewerking bied, sal samewerking in die praktyk moeilik verwerklik word.

Positiewe pogings tot samewerking en wedersydse toenadering is gedoen met die gedagte van Studenteraadskonferensies wat feitlik tegelyk van die P.U. en Pietermaritzburg uitgegaan het.

Hoewel die P.U. uiteindelik nie in staat was om die konferensie in die Natalse hoofstad by te woon nie —bloot om praktiese omstandighede—is die gedagte van konferensies ten volle gesteun en vereenselwig die P.U. hom met die besluite wat geneem is en sal hy sekerlik sy steun in die toekoms ook daaraan verleen.

### NUSAS-KONGRES

Hoewel die P.U. aanvanklik besluit het om 'n waarnemer na die Nusaskongres in Kaapstad te stuur, is die besluit herroep as gevolg van uitlatings as sou Nusas die enigste liggaam wees waarbinne samewerking kan plaasvind.


'n Ander rede was die mislukking van die eerste pogings tot Studenteraadskonferensies. Die Universiteite Wits en Kaapstad het geweier om die basis van verteenwoordiging te aanvaar.

### PERSUNIE

Volledigheidshalwe noem ons ook die konferensie van die S.A. Universiteite Persunie wat op 'n mislukking uitgeloop het omdat die twee Afrikaanse Universiteite—Potchefstroom en Stellenbosch—se grondslag van verteenwoordiging nie aanvaar kon word nie.

Die P.U. het ook 'n welwillendheidsbesoek afgelê aan Wits terwyl twee redenaars aan 'n debat in Pietermaritzburg deelgeneem het.

● Een feit wat in hierdie jaar baie duidelik aan die lig getree het, is dat die enigste wyse waarop kontak in die toekoms met andersdenkendes gemaak kan word alleen kan geskied deur Studenteraadskonferensies soos dié wat die P.U. en Natal beoog het. —Red., D.H.



## Ere-toekenning aan Tjaart en Hennie van der Walt

**Die Studenteraad het op sy jongste vergadering ere-toekennings gedoen aan mnre. Tjaart en Hennie van der Walt.**

**Dit is die eerste keer dat ere-toekennings deur die S.R. gedoen word.**

**Mnr. Tjaart van der Walt was in 1956 en 1957 voorsitter van die S.R. en studeer tans in Nederland. Mnr. Hennie van der Walt was in 1959 en in 1960 voorsitter van die S.R. en gaan hom volgende jaar in Pretoria vestig.**

**Namens die studentegemeenskap hartlike gelukwense aan hierdie twee persone met 'n onderskeiding wat hulle terdeë verdien.**

# PUKKE SE AANDEEL IN OORWINNING

**OP TRADISIONELE WYSE het die Pukke op stemdag weer die die verrigtinge by die stadsaal 'n hoogtepunt laat bereik toe hulle in 'n groot massa singende deur die strate marsjeer het en op tipiese studentikose wyse hul ondersteuning aan die Republikeine gegee het.**

Dit het groot byval by die Potchefstroomse publiek gevind en die burgemeester, mnr. Harry Holtzhausen, L.P.R., het die studente vir hul aksie bedank.

Al die Pukke het teen daardie tyd al klaar gestem en tot die stembus gesluit is, het hulle die tyd verwyl met die sing van liedjies, vertel van grappe en tydelike ontspanning van die studie.

Terug by die koshuise, het baie die nag deur by die radio's gewaak en naarstig elke uitslag wat oor die eter gegee is van net na middernag af, aangeteken. Donderdagoggend het die uitslae maar sypelings deurgekom maar radio's is selfs na die klasse wat nog gehou is, geneem en ook na die eetsale.

### REUSE OPTOG

Toe dit teen Donderdagaand reeds duidelik genoeg was watter wind gewaai het, is daar georganiseer dat die Pukke weer in 'n groot groep per fiets sal paradeer deur die strate.

Hierdie optog het Vrydagoggend vanaf Thaba Jäh se hek af plaasgevind en versier met vlaggies en vlae het die lang tou Pukke so die oorwinning gevier, en die hele Potchefstroom op horings geneem.

Die Pukke het ook hulle aandeel gehad in die oorwinningsfees Saterdag aand by die Dam. Daar het hulle lekker geëet en gesing.

Dr. Jan Steyn, L.V., en mnr. Holtzhausen, wat toesprake gelewer het, het die spesiale dank aan die studente gebring. Namens die jeug het mnr. Dirk Herbst 'n toespraak gelewer.—C.P.C.

## Gelde Verhoog

*Die klasgelde en koshuisgelde van die Universiteit is van volgende jaar af verhoog.*

*Die registrateur, mnr. S. du Toit het meegedeel dat hierdie verhoging noodgedwonge deur die Raad gedoen moes word maar dat die betrokke gelde nog die laagste is van alle universiteite in Suid-Afrika.*

*Die losiesgelde is verhoog van negentig pond tot honderd pond per jaar. Dit vergelyk nog goed met die fooie van ander universiteite soos Rhodes, waar die inwoningsfooi tans £125 per jaar is.*

*Ook die klasgelde is effens opgestoot maar is nog die laagste wat aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit gevra word.*



**Die Pukke het tydens die week van die referendum op luisterryke wyse deelgeneem aan die veldtog vir die republiek en ook die oorwinningsfees gevier. Op die foto wat net voor die vertrek van die optog deur die strate van Potchefstroom op Vrydag geneem is, verskyn v.l.n.r. op die sleepwa mnr. Dirk Herbst (aankondiger), dr. Jan Steyn (wat die skare toespreek), prof. J. Chris Coetzee (rektor), mnr. H. H. Holtzhausen (burgemeester), prof. S. du Toit, prof. W. P. Robbertse en mnr. J. H. Grobler.**

## KOMPETISIE

*Skryf nuwe studenteliedjies en wen £5!*

*Sien meer besonderhede in hierdie uitgawe.*

*Fotokuns*

*sentrum vir fotografie, grammofoonplate, kunsvlyt*

TOMSTRAAT 82
POTCHEFSTROOM
TELEFOON 3185

**Ons is die mense vir PORTRETTE**

Blaai hierdie Wapad deur en u sal sien!

PLATE — PLATE — GRATIS PLATE — PLATE — GRAMMOFOONPLATE

# REDAKSIE EN ADMINISTRASIE LÊ TUIG NEER

**HIERMEE LEES U die laaste Wapad van 1960. In die loop van die jaar het dertien uitgawes die lig gesien—presies vier-en-negentig bladsye van studentenuus.**

Of u as lesers Die Wapad geniet het—wel, ons het as redaksie en administrasie gepoog om ons beste te lewer . . .

Daar is deurgaans gepoog om 'n getroue en deeglike beeld te bied van gebeure aan ons die Universiteit en die studentelewe in die breë. Die saak van die Afrikanerstudent is deurgaans voorop gestel.

### NOOIT VOLMAAK

Dat daar baie tekortkominge in Die Wapad was en is, word nie ontken nie. 'n Redaksie en 'n administrasie kan nooit volmaak wees nie. Minste van almal 'n redakteur, want hy is die spreekbuis van soveel gedagtes en sovele moet tevrede gestel word.

Watter voldoening sal elke redaksie- en administrasielid nie smaak as elke student (en dosent) die dag Die Wapad **lees** en **koop** nie!

Aan die redaksie en administrasie kom 'n spesiale woord van dank toe.

In die eerste plek aan **Dewald Roode** wat sedert die tweede helfte van die jaar assistent-redakteur is. Dank vir die mooi samewerking, ywer en pligsgetrouheid. Wanneer die redakteur af en toe op Moedverloor se vlaktes gaan sit het, was dit juis hierdie wakker assistent-redakteur wat hom daar afgehaal het.

Ook aan **Schalk Hoogenboezem** wat vir die grootste gedeelte van die jaar assistent-redakteur was, maar nie kon volhou weens ander drukke werksaamhede nie, dankie vir die samewerking en die baie hulp.

### NUUSSIN

Een man wat voorwaar nooit sal kwalifiseer vir „slaptrek" nie en met 'n nuussin en werkvermoë soos 'n egte joernalis . . . **Stoffel Cilliers.** Die Wapad was voorwaar gelukkig om so 'n ywerige en bekwame nuusredakteur te kon hê. Ons wens hom sterkte toe aan die redaksie van Die Volksblad volgende jaar.

**Sakkie Lessing** . . . vir die pligsgetrouheid, nougesetheid en uiters bekwame behartiging van 'n wye rubriek hartlik dankie. Die nuusredaksie van Die Wapad is volgende jaar in bekwame hande . . .

Aan **Enid Rautenbach** vir die puik versorging van 'n moeilike rubriek en die handhawing van 'n baie hoë standaard, my persoonlike dank en waardering.

**Piet Bingle** . . . „die ganse studentelewe is die terrein van varia, mnr. Bingle". Baie dankie vir nougesette en puik versorging van 'n altyd moeilike rubriek.

Ook aan die verskillende nuus-, sport, en variaverslaggewers (-geefsters) 'n woord van hartlike dank. U het u neuse altyd in die wind gehou en altyd geweet wat aangaan op die campus. Dankie aan Gert Scholtz, Elsa Pelser, André Arnoldi, Annemarie Schutte, Nic Badenhorst, Nic Swart en Marieke van der Merwe.

### LEEUEWERK

Aan **Harry Oosthuizen** wat leeuewerk verrig na die verskyning van elke uitgawe: die sirkulasie van die koerant was nog nooit in sulke bekwame hande nie!

**Ernie van der Merwe**—Suid-Afrika sal nooit 'n skaarste aan bekwame Ministers van Finansies hê nie!

**Ben Bierman**—'n harde en dikwels onaangename pos is deurgaans puik volgestaan.

**Johan van der Merwe** en **Gouws Oberholzer**—jammer daar was nie altyd werk vir gewillige hande nie!

Ook aan die verskillende persone wat die verspreiding van Die Wapad in die koshuise behartig het en die eerstejaars wat getroue „koerantjongens" was. 'n woord van hartlike dank.

### ENSLINS

Sonder spesiale dank aan die firma **Enslins** sou hierdie woord onvolledig wees. Baie dankie vir u geduld, raad, leiding en bystand. Ook aan mev. Enslin wat altyd die finale hand aan elke Wapad gelê het by die vou van die bladsye: baie dankie.

Dan is daar Basil Mansfield, Sam Haskins, Jan Viljoen, Peter Spiro en Doug Bannister van die firma Enslins wat almal op een of ander tydstip hul hand aan elke uitgawe lê . . . baie dankie.

### STUDENTERAAD

Aan die **Studenteraad** van 1960 vir die steun en die raad baie dankie. 'n Besondere woord van dank aan **Hennie van der Walt,** wat nooit geskroom het om kritiek te lewer nie en lof toegeswaai het waar hy dit nodig kon vind.

Aan die lede van die studentegemeenskap en doserende personeel wat intekenare was: 'n woord van hartlike dank vir u steun. Onthou: Die Wapad is nie die redaksie se koerant nie, maar u koerant.

In 1961 betree Die Wapad D.V. sy sestiende jaargang . . . tot dan wederom . . .—Red., D.H.

## Huiskomitee

Die nuwe koshuiskomitee van die manskoshuis Dawie du Plessis wat op 4 Oktober deur die inwoners verkies is, behalwe vir een nuweling, dieselfde as die komitee wat tans nog fungeer.

Mnr. P. R. P. Potgieter is herkies tot voorsitter van die koshuiskomitee. Die ander lede wat ook vir 1961 herkies is, is mnre. P. W. Steinberg en D. A. S. Herbst.

Mnr. J. H. Boneschans is vir die eerste maal op die komitee verkies.

*DRINK DIE BESTE!*
* Pep-A-Quava
* Pep-A-Dilla
* Ting-A-Ling
* Top-Hat

*DRINK*
* Super Orange
* Fresh Orange

**Pep-I-Doo**
**Potch Mineral Waters**
Telefoon 16 en 1144 — Posbus 134

## *Astrante Sewetal*

*'n Astrante sewe-tal is dit*
*wat ewe luilekker sit*
*en aan Die Wapad skryf*
*om nooiens na hul te dryf.*
*Wat hul nie alles wa*
*om so baie te vra!*

*Ek dink dis sommer net lawaai,*
*want, neem nou vir Swart Me.aai -*
*ek is seker hy loop 'n wye draai*
*as 'n aster hom begin „eye".*

*Snormajoor is ook nie knap,*
*(Let op: in sy gebit is 'n hap)*
*In plaas van om terug te slaan,*
*laat hy hom van twee tande ontdaan!*

*Bakoor beweer hy is 'n boer,*
*maar wat sou hy in die mou voer*
*om dan U.O.D. te draf?*
*Dit rym nie, dus — dis kaf!*

*'n Rooikop-aster ken ek wel,*
*maar om Bossie aan haar bekend te stel,*
*sal meebring dat hy sy lyf en rats (heid)*
*moet aanpas vir die draaie van 'n karwats!*

*By Kuite staan daar iets van 'n bankrekening by.*
*Moet jul tog nie daardeur laat mislei.*
*Heelwaarskynlik is dit dié van sy Pa*
*by wie hy verniet om 'n ietsie vra.*

*Borselbek se gewig is glad te min -*
*van baie lag is hy al dun.*
*Maar pasop, al lyk hy soos 'n groterige bogie,*
*Hy het onderskeiding verwerf in Tjorrelogie!*

*Les bes is dit nou die Leeu*
*om wie se hart dit altyd sneeu.*
*Ook hy soek dringend na erbarming,*
*bv. liefde wat meebring verwarming.*
*Vir 'n huisvrou is hy 'n ware voordeel.*
*want let op waarvoor hy hom aanbeveel:*
*om alle stowwerighede op te doen*
*en dit te verfraai met 'n soen.*
*Daar is nou die sewe.*
*Ons hoop nie hul moed sal hul begewe*
*as hul begin antwoorde kry*
*op hul jammerlike noodgeskrei.*
*Vir my lyk hul toekoms maar duister,*
*want watter aster sal nou luister*
*na 'n „eensame" se soek-relaas*
*as hy nie eens 'n foto plaas?*
*Of is hul dalk bang*
*dat hul daarmee te veel sal vang?*

(Na die brief wat die sewe tal in die vorige uitgawe van Die Wapad geskrywe het, het briewe in groot getalle na hulle ingestroom. — Red.)

---

### *LENTEKYS*

Slegs een kys het ons bereik: Danie Oosthuizen en Desireé Lombaard van Germiston — glo 'n vakansie-romanse.

---

### VERLOOF

**Andries van der Walt** en **Nettie van 't Riet.**

---

**Karel Sander** en **Helena Els.**

---

Mnr. H. J. D. van der Walt, voorsitter van die Studenteraad van 1960, en mej. Rita van der Wateren het hul verlowing aangekondig.

---

Namens die Studentegemeeiskap hartlik geluk.

* * *

Baie talent gaan in die wêreld verlore as gevolg van gebrek aan 'n bietjie moed.—**Sydney Smith.**

# NUSAS SE BENADERING ONDER DIE SOEKLIG

**Geagte Redaksie,**

**Ek wil graag een en ander opmerking maak oor die wyse waarop N.U.S.A.S. kontak soek met studente van die Afrikaanstalige hoër opvoedkundige inrigtings.**

Tydens sy onlangse besoek aan die P.U. het mnr. John Shingler, president van N.U.S.A.S., beweer dat daar in 1960 geen begeerte tot samewerking met die studente aan die Engelstalige inrigtings, by die Afrikaanse studente aanwesig was nie. Hierdie bewering kom myns insiens daarop neer dat die A.S.B. geen begeerte openbaar het om kontak met N.U.S.A.S. te verkry nie.

Nou wil dit voorkom asof die inisiatief in hierdie opsig wel van N.U.S.A.S. uitgegaan het. Ek koester egter heelwat bedenkings oor die wyse waarop N.U.S.A.S., in die persoon van hul president, hierdie poging in die nabye verlede geloods het

### OU STRYD

Mnr. Shingler beweer dat geen interuniversitêre samewerking, waarby alle studente in Suid-Afrika betrek word, buite N.U.S.A.S. moontlik is nie. Sy pogings om samewerking tussen die verskillende studentegroepe te verkry, is myns insiens dus slegs 'n verdere poging om die Afrikaanstalige hoër opvoedkundige inrigtings te beweeg om hul gewig by N.U.S.A.S. in te gooi. En dit bring ons weer by die ou stryd tussen N.U.S.A.S. en die A.S.B.

Die enigste gevolgtrekking wat ek kan maak, is dat N.U.S.A.S. nie eerlike samewerking soek nie, maar wel die ou stryd teen die A.S.B. voortsit onder die dekmantel van 'n begeerte tot samewerking.

### CHRISTELIK-NASIONAAL

Mnr. Shingler beweer verder dat hy hom nie kan vereenselwig met 'n Christelik-nasionale grondslag vir 'n studenteorganisasie nie. Ek kan myself egter ewemin vereenselwig met 'n studenteorganisasie wat bloot die sogenaamde „Declaration of Human Rights" as norm vir alles neem, kortliks omdat dit geen voorsiening maak vir onrypheid van enige mens met betrekking tot die verantwoordelikheid wat die beskawing en die samelewing in die algemeen op enige mens lê nie.

Ek erken graag dat die nie-blanke student volkome die intellektuele gelyke van enige ander student is, maar indien die „Declaration of Human Rights" op nie-blanke studente van toepassing is, dan tog, terwille van konsekwensie, sekerlik ook op alle nie-blankes.

En indien dit gebeur, sal dit beslis beteken dat ons hele politieke konstellasie in Suid-Afrika omvergewerp moet word ten gunste van die idee van „een man: een stem", afgesien daarvan of 'n minderheidsgroep ontwikkelde mense verswelg word deur 'n massa onontwikkeldes. Dit is beslis nie demokraties nie. Nog minder is dit eties regverdigbaar. Dan wonder mnr. Shingler waarom die Afrikaanse studente nie kapsie maak teen die Regering se „onderdrukking" van die studente van Fort Hare nie!

### RUINEER

Dit is my oorwoë mening dat N.U.S.A.S. slegs besig is om die verhouding tussen die Afrikaanse studente en die anderstalige studente in ons land te ruïneer deur sy pogings om die A.S.B. te misken.

Laat ons eerder soek na 'n veel breër samewerkingsbasis. 'n A.S.B.-ondersteuner voel hom net so min tuis in N.U.S.A.S. as wat 'n N.U.S.A.S.-ondersteuner hom kan tuis voel in die A.S.B.

Ons moet daartoe oorgaan om mekaar se bestaansreg, tesame met ons verskille te erken en dan op die gebied van algemene studentebelange met mekaar saam te werk.

Dankie vir plasing,

P. R. P. POTGIETER.

[Die geagte korrespondent word ook verwys na die hoofartikel waar min of meer dieselfde gedagtes uitgespreek is.—Red.]

# MOENIE NA NEGE SWÔT NIE —Professor

**„Studente wat welslae in die komende eksamen wil behaal, moet glad nie na nege in die aande studeer nie," het prof. B. C. Schutte, hoogleraar in opvoedkunde aan die Puk, aan Die Wapad gesê toe 'n verteenwoordiger by hom gaan uitvind het hoe mens eintlik die eksamen wat voor die deur lê, moet benader en aanpak om die beste daarvan te maak.**

Prof. Schutte het gesê dat baie mislukkings in die eksamen te wyte is aan te min rus onmiddellik voor die eksamen. „Liewer 'n rapsie minder kennis en 'n helder brein as daardie ekstra kennis en 'n brein wat suf is," he hy gesê.

Die wyse van hersiening, het prof. Schutte gesê, behoort in omgekeerde volgorde as wat die vakke op die eksamenrooster voorkom, plaas te vind, m.a.w. die vak wat laaste geskryf word, moet eerste hersien word en andersom.

### HOOFPUNTE

Dan moet ons ook altyd hersiening doen met 'n stukkie papier byderhand waarop al die hoofpunte van die onderwerp eers aangeteken word. Daarna kan mens verder op besonderhede ingaan.

Al die eksamenveterane weet van gevalle waar studente baie hard studeer om net pas voor die eksamen 'n „blank" te wees; daar is geen vermoë om die kennis wat opgegaar is, weer terug te gee nie. Hiervan sê prof. Schutte dat dit dikwels net 'n verdedigingsmeganisme is, 'n onbewuste ontvlugtingsmeganisme wat die student aanwend omdat hy hom nie in staat voel om die eksamen af te lê nie.

### MONDELING

Beantwoord die huidige eksamenstelsel nog aan sy doel? Hierop het prof. Schutte geantwoord: „Omdat dit organistories en prakties feitlik onmoontlik sal wees om eksamen af te lê enige tyd wanneer die student gereed is, behoort ons die huidige eksamenstelsel nog te behou. Die ander alternatief van eksamen aflê is dat dit noodwendig mondeling moet geskied en in 'n mondelig is die gevaar van onregverdigheid groter. Dit sou egter beter wees as mens die skriftelike eksamen met 'n mondeling kan opvolg indien dit nodig geag word."

# Afrikaner se Ontwikkeling en Ideaal geskets

**„DIE AFRIKANER HET NOG ALTYD DEUR HARDE WERK EN GELOOFSOORTUIGING GEKRY WAT HY WOU HÊ. DIE SUIWER STEM VAN DIE GESKIEDENIS DUI OP DIE ONSTUITBARE KOMS VAN 'N SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK," HET DIE KULTURELE ADVISEUR VAN DIE S.A.U.K., MNR JANNIE KRUGER, OP DIE VOORAAND VAN DIE REFERENDUM GESÊ TOE HY 'N GROOT REPUBLIKEINSE SAAMTREK VAN STUDENTE IN DIE TOTIUSGEDANKSAAL TOEGESPREEK HET.**

**Mnr. Kruger se toespraak was meer bepaald op die kultuur as die politiek gerig en hy het dan ook gewys daarop dat die politiek buite die kultuur gevoer moet word.**

Die Afrikaner, het mnr. Kruger gesê, is die kind van 'n republikeinse tradisie wat teruggaan tot die tyd van Calvyn. Die volkspanting aan



Mnr. Jannie Kruger.

die Kaap het reeds in die stigting van 'n republiek gestaan. Die republiek as staatsvorm sou sy beslag kry in die kultuur en hart van die Afrikaner.

KIND VAN VRYHEID

„Die Afrikaanse volk was nooit arm aan essensiële waardes van kultuur nie. Die Afrikaanse volksman het 'n geloof in sy eie waarde en sy godsdiens en hy is 'n kind van die vryheid wat ook glo aan sy witmanswaarde en sy sending in Afrika," het mnr. Kruger gesê.

Hy het verder die konstitusionele ontwikkeling van die afgelope vyftig jaar geskets en gewys hoe die land stadig maar seker meer en meer tekens van selfstandigwording getoon het.

Die saamtrek is deur die Studenteraad gereël en die voorsitter van die Studenteraad, mnr. De Wet Krüger, het opgetree as voorsitter van die vergadering. Mnr. Jannie Kruger is deur mnr. Hennie van der Walt aan die aanwesiges voorgestel en die L.V. vir Potchefstroom, dr. Jan Steyn, het hom bedank.

Onder die aanwesiges was die rektor, prof. J. Chr. Coetzee, en ook die rektor van die P.O.K., prof. J. J. Mulder.

Die verrigtinge is opgeluister met 'n erewag wat gevorm is, sook 'n voordrag, sangsolo's en die aanbieding van 'n tablo

# MANSKOSHUIS IS VOLGENDE OP BOUPROGRAM

**DIE BOU van 'n nuwe manskoshuis vir nog 150 studente geniet tans hoogste voorkeur op die bouprogram, het die registrateur van die Universiteit, mnr. S. du Toit, Die Wapad meegedeel.**

Hierdie nuwe koshuis sal op dieselfde terrein opgerig word waar die Dawie du Plessiskoshuis tans staan en sal, na gehoop word, aan die begin van 1962 gereed wees.

Intussen moes die Raad egter noodgedwonge die bou van 'n oorbrug oor die treinspoor agter die hoofgebou op die lange baan skuif tot 'n latere datum. Sodanige oorbrug sal die kosgangers van Dawie Dup in regstreekse verbinding met die Universiteitsterrein bring.

Verdere bouplanne van die Universiteit sluit in die bou van 'n nuwe sielkundelaboratorium op die terrein van die Heimatkompleks en die bou van 'n nuwe fisiologielaboratorium.

Die pragtige nuwe huishoudkundelaboratorium, wat vanjaar voltooi is, word op Diplomadag, 29 November, amptelik in gebruik neem. Die voorsitter van die Raad, ds. D. N. Kotze, sal die opening waarneem.

# INTERFAKULTÊRE LESINGS VIR VOLGENDE JAAR

**DAAR SAL VOLGENDE jaar op dieselfde patroon as vanjaar voortgegaan word met die interfakultêre lesings aan die Universiteit. Hierdie derde reeks lesings sal handel oor Dood, Lewe en Onsterflikheid van die mens.**

Verlede jaar was die sentrale tema Die Mensbeskouing en dit is vanuit vier gesigspunte behandel. Aansluitend daarby, was vanjaar se tema Die menslike persoonlikheid. Vir 1961 is die tema dan Lewe, dood en onsterflikheid van die mens en die volgende sprekers sal waarskynlik op die tweede laaste Dinsdag van die eerste kwartaal volgende jaar die volgende aspekte behandel:

VIER SPREKERS

„Lewe en dood in die menslike liggaam," deur prof. P. J. Hamersma, hoogleraar in fisiologie.

„Lewe, dood en onsterflikheid in die Suid-Afrikaanse reg," deur prof. H. L. Swanepoel.

„Lewe, dood en onsterflikheid in die Wysbegeerte," deur dr. J. A. L. Taljaard.

„Lewe, dood en onsterflikheid in die Nuwe Testament," deur prof. W. J. Snyman.

Prof. W. N. Coetzee, wat die leiding neem met hierdie lesings, sê daarvan as volg in die jongste Veteroon: „Terwyl dit aan die een kant dien as teenvoeter vir 'n sterk skolastiese tendens in die Suid-Afrikaanse universiteitslewe, versterk dit aan die ander kant die groei na spontane belangstelling, mondigheid en verantwoordelikheidsbesef op akademiese vlak."

# MONUMENT VERSKUIF

Die monument ter ere van studente en oudstudente van die Teologiese Skool wat in die Vryheidsoorlog 1899-1902 gesneuwel het, is vanaf die ou Teologiese Skool verskuiwe na die suid-oostelike hoek van die nuwe Teologiese Skool.

Dit was gewyde oomblikke van stille terugskouing toe die weeklikse amptelike opening van die Teologiese Skool, Dinsdag, 11 Oktober, aan die voet van die monument waargeneem is deur ds. D. C. S. van der Merwe.

Prof. S. du Toit, rektor van die Teologiese Skool, het ook enkele woorde gespreek.

# BIBLIOTEEK LANGER OOP

**Die Ferdinand Postma-biblioteek aan die Puk sal volgende jaar nog 'n meer uitgebreide biblioteekdiens aan studente kan verskaf as gevolg van 'n aansienlike vermeerdering in diensure.**

Leergierige Pukke sal sewentien uur per week langer in die biblioteek kan deurbring as tans.

Hierdie jaar was die biblioteek altesaam 45½ uur per week oop in vergelyking met die voorgenome 62½ uur per week volgende jaar. Veral weeksnamiddae en Saterdagoggende is die diensure langer.

Hier volg 'n vergelykende tabel:

**Biblioteekure tans:**

Weeksdae 9—1 vm.; 2—4.30 nm.; 7—9 nm.

Saterdae: 9—12 vm.

**Biblioteekure in 1961:**

Weeksdae: 8—1 vm.; 2—6 nm.; 7—9.30 nm.

Saterdae: 8—1 vm.

# Nuwe Lid van die Raad

**Mnr. C. J. de Kock, hoofbestuurder van die Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk, is deur die Goewerneur-Generaal, adv. C. R. Swart, aangestel as lid van die Raad van die P.U. vir C.H.O.**

Hy volg dr. A. van der Poel op, wat van 1942 tot 30 Junie 1960 lid was van die Raad maar nou na Bettysbaai verhuis het en hom nie weer beskikbaar gestel het om as lid van die Raad te dien nie.

Ds. D. N. Kotzé en ds. I. D. Krüger is onderskeidelik tot voorsitter en onder-voorsitter van die Raad vir die volgende twee jaar herkies.

Prof. D. J. van Rooy is verder vir nog twee jaar verkies tot ondervoorsitter van die Senaat en prof. G. Dekker tot verteenwoordiger van die Raad op die Uitvoerende Komitee van die Senaat.

# VERSKEIE BEVORDERINGE DEUR RAAD GEDOEN

**VERSKEIE personeelbevorderinge is deur die Registrateur, mnr. S. du Toit, in 'n onderhoud met Die Wapad aangekondig na die jongste sitting van die Raad van die Universiteit. Hierdie bevorderinge geld vanaf ingang 1961.**

Dr. Hertzog Venter is bevorder tot professor in die departement Afrikaans-Nederlands in die plek van prof. F. J. Labuschagne, wat op 31 Desember aftree en vanaf 1 Februarie 1961 nog in die departement sal diensdoen as emiritus-professor.

Dr. J. A. van Eeden volg prof. G. T. S. Eiselen op as professor en hoof van die departement dierkunde. In die departement ekonomie word dr. F. J. J. Coetzee, tans hoof van die departement, professor.

ANDER

Ander bevorderings is in die volgende departemente soos genoem:

**Bantoetale:** Mnr. J. N. du Plessis permanent benoem as junior lektor.

**Grieks:** Mnr. J. H. Grobler, tans lektor, bevorder tot senior lektor.

**Musiek:** Mnr. A. W. Wegeling, tans lektor, word senior lektor en mnr. H. P. A. Coetzee, tans junior lektor, word lektor.

**Staatsleer:** Mnr. C. P. van der Walt word hoof van die departement, wat van volgende jaar af 'n selfstandige departement sal wees, waar dit vanjaar gekombineer is met regte.

**Chemie:** Mnr. C. S. Williams word bevorder van junior lektor tot lektor en mnr. H. D. Nelson word aangestel as junior lektor.

**Dierkunde:** Dr. P. A. J. Ryke word direkteur van die Instituut vir Dierkundige Navorsing, in die plek van dr. Van Eeden en mnr. W. J. van Aardt word junior lektor in die plek van mnr. H. J. Schoombie, wat reeds Juniemaand uitgetree het.

**Farmasie:** Mnre. J. Offermeier en M. C. B. van R. van Oudtshoorn is permanent as junior lektore benoem.

**Fisika:** Dr. J. F. de Beer, tans lektor, word senior lektor.

**Fisiologie:** Mnr. P. J. Oelofse word addisionele lektor.

**Higiëne:** Mnr. D. van Eeden word hoof van die departement, wat van volgende jaar af selfstandig sal wees. Mnr. Van Eeden word bevorder van lektor tot senior lektor en mnr. P. A. J. Brand is benoem as lektor.

**Sielkunde:** Dr. D. J. W. Strümpfer bevorder van lektor tot senior lektor.

**Wiskunde en Toegepaste Wiskunde:** Mnr. J. J. Henning, wat tans nog in Duitsland studeer, is benoem as lektor, met toespitsing veral op Toegepaste Wiskunde.

**Liggaamlike Opvoeding:** Mej. Irma Schoeman benoem as junior lektrise.

**Kosteberekening:** Mnr. F. P. Viljoen, tans professionele beampte by die Departement Handel en Nywerheid, word lektor.




**AJAX**
BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES
Kerkstraat 159 Foon 3458
POTCHEFSTROOM



**MOENIE.....**
MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!
CORNER FRUIT STORE
„U KEN ONS!"



**DIENS!**
OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .
**SUID-APTEEK**
BOTHASTRAAT 80
**PROTEA-APTEEK**
KERKSTRAAT 86

*VIR DAARDIE HOL GEVOEL OP DIE MAAG . .*
*BAK ONS DIE*
***Heerlikste Vleispasteitjies***
**TURKSTRA BAKKERY**
(EDMS.) BPK.
KERKSTRAAT 61

**die wapad**

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE:**

HOOFREDAKTEUR ..... *Dirk Herbst* (X041)
NUUSREDAKTEUR ..... *Stoffel Cilliers* (X042)
REDAKTEUR TUSSENUNIVERSITêRE EN BUITELANDSE SAKE ..... *Dewald Roode* (1566)
KUNSREDAKTRISE ..... *Enid Rautenbach* (1385)
SPORTREDAKTEUR ..... *Izak Lessing* (425)
VARIAREDAKTEUR ..... *Piet Bingle* (X068)
VARIAVERSLAGGEWERS ..... *Nic Badenhorst en Annemarie Schutte*
NUUSVERSLAGGEWERS: ..... *Gert Scholtz, André Arnoldi en Elsa Pelser*
SPORTVERSLAGGEWERS: *Nic Swart en Marieke v. d. Merwe*
FOTOGRAAF ..... *Johan van der Merwe* (19)
SIRKULASIEBESTUURDER ..... *Herman Oosthuizen* (X041)
PENNINGMEESTER ..... *Ernie van der Merwe*
ADVERTENSIEBESTUURDER ..... *Ben Bierman* (1188)
TEGNIESE ADVISEUR ..... *Gouws Oberholzer*

# 'N NUWE WEKROEP

DIE JAAR 1960 sal in die geskiedenis van Suid-Afrika altyd aangeteken staan as die jaar van groot gebeurtenisse. Ons dink aan Sharpeville, Clydesdale, Cato Manor, die aanslag op die lewe van ons Premier, luisterryke Uniefeesvieringe maar ook aan toenemende veroordeling deur stemme van die wêreld.

Ons dink aan 5 Oktober —die dag waarop die inwoners van Suid-Afrika besluit het om 'n monargale regeringsvorm te verruil vir 'n republikeinse.

Die ideaal waarvoor ook ons as studente gearbei het, is daarmee verwesenlik. Dit pas ons om by hierdie geleentheid aan die groot deurvoerder van daardie ideaal, dr. Verwoerd, hulde, dank en waardering te bring.

5 Oktober 1960 moet noodwendig groot historiese betekenis verkry en sal opgeneem word in die galery van groot datums in die gang van hierdie land: 1652, 1820, 1838, 1902, 1910, 1960 . . .

Maar in een opsig is 1960 se gebeurtenis groter as al die ander, want dit is die samevatting, die vervulling van alles wat voorafgegaan het.

## NUWE FASE

En nou word 'n nuwe fase in die geskiedenis van Suid-Afrika ingelui, nuwe perspektiewe en nuwe moontlikhede word geopen.

Dit sou dwaas wees om te sê dat ons met die koms van die Republiek van Suid-Afrika 'n paradysland binnetree. Want ons toekoms en die toekoms van ons Republiek hang daarvan af of ons 'n veilige tuiste en onbelemmerde versekering gaan bied aan die medemense in ons midde; of ons ons land se vraagstuk van menseverhoudinge bevredigend gaan oplos.

Gepaard met die trots en die dankbaarheid oor wat ons het, moet gaan 'n verantwoordelikheidsbesef en 'n roepingsbewustheid teenoor die toekoms van hierdie land. Die beste van ons geskiedenis lê nog voor.

Dit is daardie gedeelte van die geskiedenis wat in ons hande en in die hande van die nog ongebore geslagte setel.

## TAAK WAT WAG

Op die skouers van die jeug van Suid-Afrika lê voorwaar 'n groot taak: hierdie jeug moet handhaaf en bou, moet verantwoordelikheid aanvaar, moet bereid wees om te werk, stewig staan en verdraagsaamheid betoon.

Dit is nie nou die tyd om oor ons sege te kraai en agteroor te sit nie.

Daar is 'n wekroep wat wag op vervulling: die Republiek van Suid-Afrika moet die leiding neem in Afrika en die wêreld bewys dat hy staan vir 'n saak wat reg is.

Daardie wekroep spreek tot die jeug van Suid-Afrika. En ons moet daarop antwoord.

# *Wyse Woorde . . . .*

'n Goeie voorbeeld is die beste preek.

* * *

Om te sien wat reg is en dit tog nie te doen nie, is gebrek aan moed.—**Confucius.**

* * *

Diegene wat wil weet wat rus is, moet eers weet wat arbeid is.—**Guy de Maupassant.**

* * *

Hy wat dorings plant, moet nie verwag om rose te pluk nie.—**Bidpai.**

'n Mens moet nie kwaad word oor die dinge wat verby is nie.—**Napoleon.**

* * *

Skilderkuns is swygende poësie; poësie is sprekende skilderkuns.—**Simonedes.**

* * *

Dis makliker om 'n vyand te vergeef as 'n vriend.—**De Lucy.**

* * *

'n Dwaas kan 'n vraag vra wat veertig wyse manne nie kan beantwoord nie.

# In U Lig

OM EKSAMEN TE DOEN is 'n deel van die roeping van elkeen van ons. Hoewel ons elkeen ons eie roeping het, is daar tog een saak waaraan ons almal deel het. Dit is die bevel van die Here wat deur sy Woord tot ons kom: „Heilig moet julle wees." Ons moet die Naam van God heilig in alles wat ons doen.

Die eksamen staan dan ook nie los van ons godsdiens nie. Deur ons pligsgetroue arbeid moet ons die Naam van die Here heilig, maar in die eerste plek en veral deur ons gereelde gebed. Ons vertroue op God mag nooit vervaag nie.

Die volk Israel het dikwels in die woestyn hul Godsvertroue verloor, deur hulle eie ongeloof. Hulle het gemurmureer as God beproewings stuur. Israel het met tye gemeen dat God se verband met hulle, alleen 'n bron van voorregte moet beteken. Dit moet altyd met hulle goed gaan, omdat hulle die vergadering van die Here is. So het hulle dikwels met die Here getwis en Hom verwyt en sy Naam ontheilig.

> **Levitikus 19 : 2b: „Heilig moet julle wees, want Ek, die Here julle God, is heilig."**

Dit kan so maklik met ons gebeur wanneer dit, tydens die eksamen, baie druk gaan. Wanneer die tyd min word en ons tot laat snags studeer, dan steun ons dikwels alleen op ons eie krag en werkvermoë en God verdwyn uit ons lewe vir 'n tyd lank.

Soms stuur die Here beproewings. Ons word siek, ons uithouvermoë raak gedaan. Dan raak ons soms só opstandig dat ons miskien onbewus God verwyt. Is dit heiliging van God se Naam? As ons God nie heilig nie, hoe kan onsself heilig wees?

Belangrik is egter dat ons moet onthou dat ons geheiligdes is, kinders van die Here, deur die soenverdienste van Jesus Christus. Hy, dié Heilige van God, het op Golgotha aan die kruis vrywillig in die midde van sy murmurerende volk gehang, tot verheerliking van God. So het Hy ons met God versoen en stel Hy ons ook in staat, om uit dankbaarheid, God te heilig in die vervulling van ons roeping.

Wanneer die jaar se werksaamhede ook weer afgesluit is en ons gaan vakansie hou, dan hoor ons steeds die woorde: „Heilig moet julle wees . ." Laat ons dit onthou, geagte leser, tot aan die einde van ons lewe, of ons werk en of ons ontspan: Die Here u God is heilig. Daarom, wees u dit ook, deur die krag wat u ontvang van u Middelaar, Jesus Christus.

—J.V.

# Mense en Mense

DIE WÊRELD bestaan uit baie soorte mense. Dit is goed so, want 'n volkome eenvormige wêreld, 'n wêreld sonder ryke verskeidenheid van standpunt en benadering, van aard en aanleg, sou 'n gruwel van verveling wees.

Maar in alle menslike verhoudinge, groot sowel as klein, kan onderskei word tussen twee soorte wat só min met mekaar gemeen het dat hulle nooit tot 'n ooreenkoms met mekaar kan kom nie en daarom tot in lengte van dae in stryd sal verkeer.

Aan die eenkant is daar die vérsiendes, die moediges, diegene wat ondanks alle tydelike terugslae en teenkanting die swaar taak aanvaar om 'n ideaal te volg en hulle met hul hele persoonlikheid daarop toe te lê.

Omdat hulle ook maar mense is en daarom onderhewig aan die krankhede van die mens, sal hulle hul soms ook vergis, maar dié vergissinge steeds vergoed deur die eerlikheid van hul strewe en die uiteindelike oorwinning van daardie ideaal waardeur hulle nie vir hulself nie, maar vir hul medemens groot voordeel behaal.

## VYF TALENTE

Hulle is die yweriges van wie in die gelykenis van die talente vertel word dat hulle van die vyf talente wat hulle ontvang het, nog vyf gemaak het.

Aan die ander kant is daar die vreesagtiges, die kleinmoediges, wat eerder let op die tydelike wins en die goedkeuring van ander, wat miskien ewe vreesagtig en kleingelowig as hulle is.

Hulle is die oorversigtiges, wat uit vrees dat hulle één foutjie sal begaan, liewer niks onderneem nie; wat niks so erg vrees as die noodsaaklikheid van 'n standpunt en besluit te neem nie en wat daarom vir hulle inspan vir die behoud van 'n wêreld met al sy klaarblyklike onreg en onvolmaaktheid liewer as om één ferme stap vorentoe te waag en die tyd uit te koop.

## EEN TALENT

Hulle is die mense wat die één talentjie wat hulle ontvang het, bedeesd in die grond bere sodat dit tog nie kan wegraak nie.

Ook in ons tyd en aan ons Universiteit ken ons hierdie soort mense: aan die eenkant die stem van die vreesagtigheid, wat vermaan om niks te waag nie; aan die anderkant weer die stem van dié wat nie skroom om die ligstér wat hulle sien, te volg nie, waar dit hulle ookal mag lei, maar wat bereid is om hulle idealisme met waaksaamheid en praktiese werksaamheid te temper.

Aan watter stem 'n mens gehoor gee, hang uiteindelik van jou eie aard en aanleg af. Maar dat dié tyd 'n toets vir die harte is— daaraan sal niemand twyfel wat dit werklik verstaan nie.

Ons wens u almal 'n voorspoedige eksamen toe, 'n aangename vakansie, 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige 1961.

Die skrywer van „redaksioneel" groet u.

# S.R.-VOORSITTER REIK 'N STEWIGE HANDDRUK

GEAGTE PUKKE,

Ons het nou byna gekom aan die einde van die jaar wat die akademie en in 'n sekere sin ook die studentelewe betref.

Namens die Studenteraad en myself wil ek u almal sterkte toewens met die aanstaande eksamen. Mag die vrug van u arbeid die afgelope jaar nie uitbly nie.

Aan die van u wat ons Universiteit verlaat, gee ons 'n stewige handdruk met die allerbeste wense vir 'n suksesvolle roepingsvervulling op u verskillende weë. Mag u gedagtenis aan ons Alma Mater baie aangenaam wees.

STEUN GEVRA

Aan die van u wat volgende jaar weer terugkom, wens ons 'n aangename vakansie toe.

Graag wil ek 'n beroep op u doen om in my afwesigheid die eerste maand van die volgende akademiese jaar u heelhartige steun te bied aan mnr. Koos du Plooy wat as voorsitter sal waarneem en aan die hele Studenteraad, veral tydens die inlywingstydperk.

Ons beste wense vir 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar word u toegevoeg.—U vriend,

J. J. DE W. KRÜGER.



**Mnr. J. J. de Wet Krüger.**
**[Foto: Fotokuns.**

## *S.R.-Voorsitter:*

# DANKBAARHEID EN VERANTWOORDELIKHEID

**Geagte Mede-studente,**

**Die bydrae wat die studente van ons universiteit gelewer het tot die verkryging van die Republiek, kan nie sondermeer verontagsaam word nie.**

Reeds maande voor die referendum is op verskillende gebiede hard begin werk om alles gereed te kry vir die groot R-dag. Hoewel ons nie vir 'n beloning gewerk het nie, was dit wat ons ontvang het baie meer as wat geld ooit kan koop, nl. 'n republiek vir Suid-Afrika.

DANKBARE HARTE

Na die groot volksgebeurtenis kyk ons nou met dankbare harte terug. Teenoor God, die Almagtige Beskikker oor die lot van volke en lande, is ons dankbaar vir sy genade. Vir die bydrae, hoe gering ookal, wat u, mede-studente, gelewer het, is ons dank verskuldig. Te alle tye kan op die Pukke staatgemaak word.

'n Gemeenskaplike onderlinge gevoel was die stukrag tot die groot arbeid wat deur ons Republikeine verrig is.

Maar die mondigwording van S.A. lê op die jeug van ons volk groot verantwoordelikheid. Daar lê vir ons groot take voor. Ons as studente van die P.U. vir C.H.O. sal daaraan onmiddellik aandag moet gee en tot uitvoering bring.

DRIE TAKE

Die volgende drie take kan kortliks opgemerk word:

**DIENS**

Ons moet bereid wees om te dien; diens in die sin van opoffering sonder om vergoeding te verwag. Ons grootheid is om mekaar onbaatsugtig te dien. Dan alleen sal die toekoms voor ons oopval.

**HERORIËNTERING T.O.V. DIE POLITIEK OF STAATKUNDE:**

Deur uit te styg bo die kleinlikhede van die partypolitiek moet ons dit soek wat vir ons land en volk die beste is.

Vir waarheid en reg moet ons sonder huiwering na vore tree.

Met oortuiging en geloof moet ons die oplossing van ons probleme soek en deurvoer. Ons sal verder ons moet besin oor wat ons onder politiek verstaan.

**SKEPPING VAN NUWE VERHOUDINGE:**

Onverwyld sal ons nuwe verhoudinge tussen ons Afrikaners onderling en verder tussen Afrikaners en Engelse moet aanknoop. Deur die verhoudinge moet ons 'n groter, ruimer en skoner republiek bou.

Sonder om beginsels te verkrag, moet ons dr. Malan se woorde verder ten uitvoer bring: **Bring bymekaar wat uit innerlike oortuiging bymekaar behoort.**

Met hierdie groot take om te begin, moet ons erns maak.

Mag elkeen van ons in dankbaarheid vir dit wat ons ontvang het, poog om dit tot volvoering te bring, in verantwoordelikheid sal ons dankbaarheid bestaan.

J. J. DE W. KRÜGER.

**Mnr. J. J. de Wet Krüger, Voorsitter van die Studenteraad, rig hierdie aktuele boodskap aan alle Pukke, veral met die oog op wat die taak van die student in die onmiddellike toekoms is.**

**Mnr. Krüger en mnr. L. A. S. van Wyk vertrek aan die begin van Desember na Europa op 'n Abe Bailey-toer.**

(Die studentegemeenskap wens hulle 'n aangename reis en verblyf oorsee toe.—Red.)

# KONFEDERASIE DIE ENIGSTE BASIS VAN SAMEWERKING *A.S.B.-president*

**DIE ENIGSTE AANVAARBARE terrein vir samewerking op die gebied van studente-organisasies is die konfederatiewe, het mnr. Hennie van der Walt, president van die A.S.B., in Bloemfontein gesê in 'n rede voor die A.S.B.-tak aldaar.**

Mnr. Van der Walt het die agtergrond van die huidige studenteverhoudinge in Suid-Afrika geskets. Hy het gewys op die verskil in lewensopvatting tussen die Afrikaans- en Engelssprekende student en verklaar dat die Afrikaanse student hom nooit sal kan aanpas by die liberalisme van Nusas nie.

Die stigting van studenteorganisasies soos SAFSU en SANSO beskou hy as kleurloos.

Met pogings om 'n soort humanistiese wêreldburgerskap in S.A. te skep, kan hy hom nie vereenselwig nie. Omdat SAFSU kultuurverskille opsygestoot het en hom slegs op terreine soos studentepublikasies begeef het, kon dit geen belangstelling wek nie.

STAANPLEK

Die Afrikaner wil 'n organisasie hê waarin hy vir hom 'n staanplek kan behou en dit laat uiteindelik net die konfederatiewe terrein. Hiermee word behels dat elkeen bly wat hy is en geleentheid het om homself uit te leef.

Op hierdie wyse kan bloot praktiese verskille en vyandigheid uitgewis word. Hy is oortuig dat sodanige vyandigheid nòg vir die Afrikaanssprekende nòg die Engelssprekende nòg die nie-blanke iets goeds inhou en dat konfederatiewe samesprekings die nodige harmonie sal skep.

Die groot probleem by konferensies bly egter die basis van verteenwoordiging. Die A.S.B. het geen beginselbesware teen gemengde byeenkomste nie, mits sosiale segregasie behoue bly en die A.S.B. se grondslag van verteenwoordiging gehandhaaf word.

GEEN BESWAAR

Mnr. Van der Walt het gesê dat hy nie 'n nie-blanke as verteenwoordiger van 'n ope Engelse universiteit aanvaar nie, omdat hy daar nie volle vryheid het nie aangesien sportklubs, sosiale bedrywighede, ens. nie vir hom oopgegooi word nie.

Om studenteverhoudinge in die toekoms te verbeter, moet die Afrikaanse en Engelse student die nie-blanke student ontmoet. As afspringplek vir samesprekings kan die administratief-organisatoriese terrein gebruik word.

Daarom word die idee van studenteraadskonferensies ten volle gesteun.



**Mnr. Hennie van der Walt.**

Dit hou nie in uitwissing van beginselverskille nie, maar uitwissing van vyandiggesindheid.

PRINSIPALEKOMITEE

Die daarstelling van iets soortgelyks aan die Prinsipalekomitee van die Suid-Afrikaanse universiteite sal verwelkom word. Daarmee word nie beoog die uitwissing van die A.S.B. of Nusas nie, want terwyl hierdie liggaam praktiese probleme sal behartig, kan Nusas en die A.S.B. hulle toespits op die kulturele en ideologiese sy.

(Berig oorgeneem uit Irawa, September 1960.)

# Nuwe Bestuur

Die bestuur van die Wysgerige vereniging is tydens 'n onlangse vergadering soos volg saamgestel: D. A. S. Herbst (voors.), P. P. Kruger (O/voors.), mej. A. Venter (sekr.), Ben van der Walt (pgm.), en J. H. Viljoen (add. lid).

# Ekonome Kyk Terug op Geslaagde Skof

Die ekonomiese vereniging van die P.U. het sopas sy werksaamhede vir die jaar afgesluit en uit die jaarverslag blyk dat die vereniging 'n baie geslaagde jaar agter die rug het.

Verskeie bekende sprekers het gedurende die jaar met toesprake opgetree, onder andere dr. F. J. du Toit, kansellier van die Universiteit, die bekende ekonoom, dr. M. S. Louw en dr. F. J. du Plessis wat die begroting van 1960 behandel het.

Die jaarlikse piekniek van die vereniging het ook plaasgevind asook verskeie uitstappies Daar is besoek gebring aan twee myne in Wes-Transvaal, Yskor en die Buro vir Standaarde.

Die Raad van die Universiteit het finansiële steun gelewer om die uitstappies moontlik te maak.

---

**Mnr. Casper J. H. Schutte,** wat vanjaar junior lektor in die departement chemie was, verlaat die Universiteit aan die einde van die jaar om 'n navorsingsbetrekking aan die W.N.N.R. te beklee.

---

'n Busdiens tussen Klerksdorp en Potchefstroom is van volgende jaar af deur die Raad ingestel om vervoer vir buitemuurse studente te vergemaklik.

# Pukke Wen Ver in Bofbal

Die bofbalseisoen is verlede Saterdadag op 'n hoë noot ingelui met 'n prag-oorwinning van 13—4 oor Western Reefs. In die wedstryd het veral Mannetjies van der Berg en Toy Dannhauser (lg. as gooier) die aandag getrek.

Al die Pukke se ondersteuning word gevra wanneer die eerste span Saterdag, 22 Oktober, op hul tuisveld teen Strathvaal op die veld draf. Stoot die boeke opsy en kom ontspan 'n bietjie vir oulaas voor die eksamen hier is.

# Sakboekie vir 1961

Die huidige Studenteraad beoog om 'n sakboekie vir 1961 uit te gee.

1961 is die jaar wanneer die P.U. ook tien jaar selfstandig is. Daarom word iets besonders beoog met hierdie sakboekie.

Dit sal van 'n kort inleiding voorgelei wees; 'n spreuk vir elke week; allerlei besonderhede—Rand- en sentstelsel, datumrooster van studentegebeure, akademiese besonderhede, ens., ens.

Hierdie werkie sal aan die begin van 1961 te koop aangebied word. Kyk dus uit daarna wanneer u aanstaande jaar terugkom. Slegs 'n beperkte aanatl sal gedruk word aangesien dit 'n proefneming is.

# ALABAMA SE WINS £420

Anders as wat op die laaste massavergadering van vanjaar bekend gemaak is, het die Alabama Studente-orkes nie 'n toerwins van £40 behaal met die toer deur Transvaal nie, maar ongeveer £420 suiwer wins ingesamel.

Die fout wat ingesluip het, was dat 'n bedrag van £100 van die Alabama se toerwins as donasies „gebruik" is. Die Studenteraad het egter besluit dat geen donasies uit toerliggame en Vreugdedagkomitee gemaak sal word nie, maar dat uit die totale winste van al die liggame saam, donasies gemaak sal word. Waar daar dus £100 van Alabama se wins afgetrek is vir donasies moes hierdie bedrag ooreenkomstig die besluit van die Studenteraad weer toegevoeg word tot die wins van die A.S.O. Op een of ander manier het 'n fout ingesluip en dit is nie gedoen nie.

BELASTING

By bogenoemde bedrag van £140 moet dan nog die beslastingvrystelling wat deur die Provinsiale Raad uitbetaal word, gereken word. Die vrystellingsgelde het £283 beloop.

Die totale wins is dus duidelik meer as £420.

---

**Mej. Alwine Euser,** gebore in Amsterdam, Holland, het op Dinsdag, 4 Oktober, Unieburger geword. Mej. Euser is reeds byna 13 jaar in die land. Sedert 1958 studeer sy aan die Puk en hoop om die jaar haar studie in Huishoudkunde te voltooi.

**Hoekom sal ons so lank oor FOTOGRAFIE praat?**

**Kom na ons ATELJEES en oortuig uself!**

**BEYERS CLAASSEN**

**Lombardstraat 58**
**Telefoon 455**
**POTCHEFSTROOM**

# „Sal Ons Ou Kennisse Ooit Vergeet"

## Maryn Fourie Groet die Pukke

GEAGTE PUKKE,

**Aan alle goeie dinge kom 'n einde en so het daar ook weer 'n tyd van afskeid aangebreek na vier jaar van studentepret, studie en aangename dae.**

In vier jaar se tyd leer 'n mens baie, nie net wat die akademie betref nie, maar ook wat jou mensekennis betref en daarom is dit 'n voorreg om in die geleentheid gestel te wees om aan 'n inrigting soos die P.U. vir C.H.O. te kan studeer.

Dit was vir my 'n voorreg om gedurende hierdie laaste jaar my dienste aan die dames as hoofdame te kon bied en dit was ook vir my 'n aangename taak om die eerstejaardames in te lei in die studentelewe op die Puk. Ook dié wat by my klasgeloop het in Liggaamlike Opvoeding het die tyd vir my hier aangenaam gemaak.

Aan al die eerstejaars wat agterbly wil ek die allerbeste toewens en onthou, om 'n goeie eerstejaar te wees is nodig om 'n goeie volwaardige Pukstudent te word. Ek wens julle 'n baie lekker tweedejaar toe en alles van die beste vir die jare van studie en studentepret wat voorlê. Hou die Puk se naam hoog!

Die eksamens lê voor die deur en vir baie is dit die laaste skof. Aan almal wens ek sterkte en sukses toe in dié tyd. Aan almal wat agterbly, maar ook dié wat weggaan, wens ek seën, voorspoed en vir die dames diamantringe toe!

Aan die Huiskomitee en koshuisdames van 1960, baie dankie vir julle vriendelike samewerking en ondersteuning. Sterkte aan die nuwe hoofdame, S.R.-damesverteenwoordigster en Huiskomitee.

Beste wense en sterkte!

—MARYN FOURIE.



**Herman Venter,** die flink slotvoorspeler van Puk, gaan skoolhou . . . maar weet nog nie waar nie! Tegelyk wil hy nog nagraads in geskiedenis kom studeer aan die P.U. Aldus moet hy baie na aan die Hoofgebou skoolhou . . . in een van die koshuise?



**Proffie van Vuuren** en **Dries Yssel,** die tweeling waarvan hulle ma nie weet nie, onttrek hulle aan die aktiewe studentelewe nadat hulle vanjaar albei op die Studenteraad gedien het.

## ONS GROET U ...

**IN HIERDIE UITGAWE verskyn die name van persone wat ons aan die einde van hierdie jaar gaan verlaat of uit die aktiewe studentelewe tree. Ongelukkig is dit vir ons onmoontlik om iets te skrywe oor al diegene wat vertrek of die tuig neerlê.**

**Dit kan nie anders dat ons van u moet afskeid neem nie, want die tyd en die lewe staan nie stil nie.**

**Aan almal wat ons aan die einde van die jaar verlaat: namens die Universiteit van Potchefstroom en die studentegemeenskap 'n stewige handdruk van voorspoed in die hoop dat dit met u baie goed sal gaan.**


**As die kansie hom voordoen, onthou u is altyd welkom om by die Puk te kom inloer.**

**Baie van diegene wat ons gaan verlaat of uit die studentelewe tree, moet 'n spesiale woord van dank toegevoeg word vir wat hulle vir die studentelewe gedoen en beteken het.**

**U hulp, werk en leiding word waardeer en die pad wat u vir ons aangedui het, sal ons bewandel, nie slaafs nie maar met eie oortuiging.**

**Aan diegene wat verder gaan studeer—hier of elders —sterkte en welslae u toegewens.**

**Mag u wat vertrek die Alma Mater verlaat met die hoop en gedagte dat die mooie, die goeie en die leersame van die verlede, wat op die oomblik waarskynlik nog maar toekomsdrome bepaal, die aangename werklikheid van die toekoms word.—Red.**



## Rassie Smit

Liewer sou ek ten slotte wou swyg. Die versoek van Die Wapad om 'n laaste boodskap te rig, was egter te groot 'n voorreg om te versmaai. Vergun daarom slegs enkele gedagtes van alles wat in die hart omgedra word.

'n Eindelose voorreg was die jare van studie aan ons Alma Mater, waar mens altyd verseker was van 'n oortuigde, Calvinistiese beginselstandpunt. Die waardering en dankbaarheid hiervoor is onuitspreeklik.

Aan die front van die studenteaktiwiteite was die deelname, hoewel later slegs in die stilte, 'n louter genot. Die opweeg van argument teen argument, die intieme gesprekke, die skerts, die vriendskappe hier gebore, sal in die herinnering 'n kosbare kleinood bly.

Die einde van dit alles, hoe bedroewend ookal, kon nie uitbly nie.

Jaag daarom ná alles wat vir u gees tot verryking, vir u karakter tot vorming, vir u siel tot geloofsbevrediging dien.

En vergeet nooi: „In U lig sien ons die lig."

—E.J.S.

**Idyll van der Walt** het soortgelyke planne. Has was lank op die Puk en het vir hom die reputasie opgebou dat hy die meeste Puktoere meegemaak het. Hy was vanjaar se hoofdirigent en ook onder-sekretaris van die S.R.

**Johnnie Knox,** 'n bekende uit die Komplex, lê vanjaar sy finale LL.B.-eksamen af. Hy is van voornemens om hom aanstaande jaar op die Rand te gaan vestig as openbare aanklaer. Ons wens hom net soveel welslae toe met sy loopbaan as wat hy in sy studies behaal het.

**Bok Fourie,** wie ken hom nie? Die wakker skrumskakel met veel durf op die voetbalveld, maar skrikkerig vir 'n sleep en nog banger vir gimnastiek! Bok het 'n pos aanvaar as onderwyser aan die Krugersdorpse Tegniese Hoërskool. (Swart Meraai?)



**Lou van Wyk, bekend o.a. as ondervoorsitter van die Studenteraad, voorsitter van die A.S.B. en hoofkoshuisverteenwoordiger in die Kompleks, tree ook nou uit die aktiewe studentelewe en verlaat die koshuis. Aanstaande jaar is sy finale jaar as teologiese student.**

Stoere verdedigers van die Puk, beskermers in die tyd van nood—die mans—sal ons volgende jaar nie meer hier vind nie maar daar is ook heelwat dames wat die stukrag agter die Puklewe was, wat ons gaan verlaat. Ons dink aan

**Nettie van 't Riet** is een van die Pukke wat ons gaan verlaat om in die nablye toekoms haar in die huweliksbootjie te begeef.

Nettie was 'n bekende en gewilde figuur in die vier jaar wat sy op die Puk was en het vanjaar gedien as onderhoofdame vir De Klerkhuis. Sy het verder 'n leidende rol in die georganiseerde studentelewe gespeel en sal volgende jaar gemis word.

Haar planne vir die toekoms? Sy wil haar as onderwyseres op Krugersdorp gaan vestig en tree dan ook in die huwelik met 'n Puk wat ons ook kens, nl. Andries van der Walt. Aan hulle: Pukgoete!

## ELAINE BOHTA RIG 'N LAASTE WOORD

LIEWE PUKKE,

Wanneer mens gekom het aan die einde van nog 'n skof in jou lewe en jy staan voor 'n belangrike kruispad, dan kan dit nie anders wees as met gemengde gevoelens nie; vreugde en verwagting vir wat die toekoms mag bied, enersyds, en andersyds die heimwee en weemoed by die gedagte aan studentejare wat vir altyd verby gaan.

Dit was 'n heerlike voorreg om Pukstudent te wees, nie alleenlik omdat studentelewe 'n onvergeetlike tydperk van my lewe was nie, maar boweal omrede ek die voorreg gehad het om aan die enigste christelike universiteit te studeer. Die Puk leer aan ons baie dinge, maar die belangrikste is seker dat dit ons vorm, verryk en louter en deur hierdie slyp- en skawe-proses leer jy om lewensperspektief te verkry, bo jouself uit te styg, die hoër geesteswaardes te verwerk en te absorbeer en met hierdie wapenrusting jouself te werp in die lewensstryd.

### DANKBAARHEID

Die enigste gewaarwording wat hom van jou meester maak aan die einde van so 'n heerlike tydperk is dankbaarheid. Weliswaar was daar ook die skadukant, die onaangenaamheid, die pyn en die teleurstelling, maar ook daarvoor leer ons om dankie te sê en hoe klein is die woordjie nie wanneer dit die diepste gevoelens en gewaarwordinge van die hart moet weergee nie—net soos die woordjie vaarwel.

Vir die voorreg om lid van die Studenteraad te wees kan ek God alleenlik maar ewig dankbaar wees, dit was 'n onvergeetlike ondervinding.

Aan elke Pukstudent wat ek gedurende die loop van die afgelope vyf jaar leer ken het, sê ek dankie, in besonder aan die S.R. lede van 1959-60, en die hoofdames en huiskomitee met wie ek kon saamwerk.

Pukke, laat ons te alle tye en in alle omstandighede, maar net een ideaal, een strewe hê, naamlik om die lig van die Woord van God op elke lewensterrein uit te dra.

My beste wense en seënbede vergesel diegene wat hiér die vaandel moet hooghou, en aan hulle wat vertrek, sê ek: Sterkte!

Met die weerklank van die woorde in my hart, reik ek u elk die hand: „Ziet men scheiden van elkander

Hier op deze aardse dal,
Want men weet niet of ze elkander
Weer op aard ontmoeten zal."

Hartlike groete,

—ELAINE BOTHA

**Koos Brink,** 'n klein mannetjie met 'n geweldige stem! Aan die eettafel is hy soos 'n onrustige broeis kapokhoendertjie, maar voor die studeertafel is hy stil, toegewyd en besadigd. Hy het so pas 'n bestuurderspos aanvaar by die aptekersfirma A. J. Adcock in die omgewing van Krugersdorp.

**Rossier de Ville** is 'n bekende figuur onder die studente; was gekys met 1958 se „Joolkoningin" van Klawerhof, Monika van der Merwe. Dit is 'n seldsame kys wat vanaf sy eerste jaar deurhou tot in sy sesde jaar LL.B. Hulle gaan op 10 Desember trou. In die Departement Justisie te Pietermaritzburg gaan hy volgende jaar as professionele assistent sy plek volstaan.

Daar is seker baie en veral dames, wat spyt is dat **Mollie van der Linde** die Puk gaan verlaat na sy vier jaar hier by ons vertoef het.

Mollie was vanjaar die onderhoofdame in Piet Groblerhuis en het die U.D.B.-kursus geloop.

Op baie van die dames onder haar het sy steeds 'n rigtende invloed uitgeoefen.

Waar Mollie weer teruggaan na haar ou voorliefde, die biblioteekwese in die Goudstad, sê ons dat ons bly was dat ons haar geken het.



**Hans van Zyl, berug vir sy „wit" en o.a. twee keer onderdirigent op intervarsities teen Kovsies, het hom nou onttrek aan die aktiewe studentelewe. Hy het reeds vroeër die jaar toegetree tot die Universiteit se administratiewe personeel. Hans het ook op 1960 se Studenteraad gedien as penningmeester.**

# PROFESSOR EISELEN LÊ DIE TUIG NEER

**„Wat 'n mooi mens! Hier het ons 'n Israeliet in wie daar geen bedrog skuil nie." Dit was die woorde van die rektor, prof. J. Chr. Coetzee, oor prof. G. T. S. Eiselen.**

Na veertig jaar van haas ononderbroke en plisgetroue diens aan die P.U., tree prof. Eiselen aan die end van die jaar af.

Gotthilf Eiselen is op 20 Februarie 1895 op Arkano, 'n Berlynse sendingstasie, gebore. Tot 12 jaar was hy grotendeels 'n bedhoudende invalide, dog deur taaie volharding kon hy spoedig 'n aktiewe deelname aan allerlei sport gun.

Sy skoolopleiding het hy ontvang op die Duitse Sendingskool op Bothshabelo, sy hoërskoolopleiding aan die Johannesburgse King Edward VII-skool en in 1920 is hy met B.A. na Potchefstroom as lektor in dierkunde en plantkunde.

### VIER TALE

Hy praat en skryf heel vloeiend Duits, Engels, Afrikaans en Noord-Sotho. In 1923 behaal hy sy M.Sc.-graad in dierkunde en plantkunde aan die Universiteit van Witwatersrand.

In 1926 word hy ook huisvader van Heimat en in 1932 lê hy die tuig neer en word kort hierna in 1933 bevorder tot professor in Dierkunde. Teen die end van 1938 vertrek hy na Jena, Duitsland, en behaal einde Junie 1939 sy Doktorsgraad. Hy en sy vrou ontvlug naelskraap die Duitse Gestapo en sluip in 1940 by Durban in Suid-Afrika terug.

### LEIDENDE ROL

In die verenigingslewe het prof. Eiselen sy skrale lyf met groot gewig ingewerp: Hy is lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, is lewenslange lid van die S.A. Genootskap vir die bevordering van die Wetenskap, is jarelank voorsitter van die Kerkraad van die Potchefstroomse Lutherse Gemeente, was 'n aantal jare lid en superintendent van die Verenigde Bantoeskool in die Potchefstroomse lokasie, was ondervoorsitter van die Potchefstroomse Hospitaalraad en ook van die Rooikruisvereniging alhier.

Die toneelkuns en musiek het die kunssinnige Gotthilf Eiselen met groot liefde leer ken toe hy opgetree het as voorsitter van die Potchefstroomse Volksteater.

Hy was 'n merkwaardige man, 'n groot mens met 'n klein postuur . . . pligsgetrou (tussen 1920-1957 het hy nie een enkele dag om siekteverlof aansoek gedoen nie!) en streng, dog 'n warme en hartlike mens.—G.J.L.S.



Kotie de Jager.

# PUIK ATLETIEK VROEG IN DIE SEISOEN

**DIE EERSTE ATLETIEKBYEENKOMS, die Wes-Transvaalse proewe, is Saterdag, 8 Oktober deur die P.U. atletiekklub aangebied op die P.U. atletiekveld.**

Twee Pukke, Johan van der Walt en Len Ortlepp, is gekies om Saterdag, 15, Oktober, in Durban deel te neem aan die driehoekige byeenkoms tussen Natal, O.V.S. en Wes-Transvaal.

Ongeveer 25 atlete het deelgeneem. Drie seniorklubs van Wes-Transvaal, P.O.K., Carletonville en P.U. en enkele atlete van skole, was teenwoordig.

Len Ortlepp het sy beste vertoning gelewer deur die spies 199.7 vt. ver te slinger. Dit plaas hom onder die vyf bestes in die land. Ortlepp het sedert vier maande nie geoefen nie.



Johan van der Walt.

### SKITTERENDE MYL

Johan van der Walt het die 1 myl in 4min. 37 sek. afgenael en ook 'n tweede plek gebuit in die 3 myl, kort agter Thomas Lotz. Kotie de Jager het die 440 in 51 sek. voltooi. N. du Plessis van P.O.K. het die 6vt. merk redelik gemaklik oorgeseil.

Ander atlete wat mooi prestasies gelewer het, was Rina Bierman, Hennie van Zijl, Louis Viljoen, M. van Helsdingen, almal van P.O.K., en Rianette Roux en Piet Swart van Lichtenburg. Johan Liebenberg kon nie in die hoogspring deelneem nie weens 'n ligte beenbesering.

Die standaard wat deurgaans gehandhaaf was, was hoog en voorspel strawwe kompetisie vir die komende seisoen.

## MEMORIAM

**Op 1 September vanjaar het Maria Catharina (Makkie) Schultze, eggenote van prof. H. G. Schultze, in die ouderdom van 61 jaar en 7 maande, ontslaap. Die studentegemeenskap betuig hulle diepe simpatie met die agterblewenes.**

# KOMPETISIE VIR NUWE LIEDJIES

DIE A.B.K.K. het 'n kompetisie uitgeskryf om nuwe liedjies wat geskik sal wees om by Intervarsitie gesing te word, in die studentesangbundel op te neem.

Hierdie liedjies moet verkieslik op bekende wysies gesing kan word en moet verder aanpas by die beoogde doel, nl. om tydens intervarsitie gesing te kan word.

### REËLS

Die reëls vir die kompetisie is soos volg:

Liedjies moet op bekende wysies gesing kan word, bv. „Bridge on the River Kwai", ens. Alle inskrywings moet die A.B.K.K. bereik nie later as einde Februarie 1961 nie. Die beoordeling van inskrywings sal soos volg wees: Ingeskrewe liedjies sal deur die massa by sing-songs gesing word, waar die beoordeling dan ook deur 'n paneel van beoordelaars sal plaasvind. Die beslissing van die beoordelaars is finaal.

### PRYSE

Drie pryse word aangebied: 'n Eerste prys van £5 (R10). Twee tweede pryse van £1 (R2) elk.

# DORPSPAN KLOP KOSHUISE IN MOOI WEDSTRYD

**IN 'N INTERESSANTE krieketwedstryd het die dorpstudente 'n gekombineerde span van die koshuise op 1 Oktober met 56 lopies die loef afgesteek.**

Vaatjie Weber, die dorpspan se kaptein, het die loot gewen en sy span ingestuur om te kolf.

Christie Coetzee en Gert Snyman het die beurt geopen, maar Snyman is met die telling op 19 uitgehardloop. Dykstra, wat hierna kom kolf het, het goed begin, maar met sy telling op 9 het hy 'n bal van Labuschagne in die hande van Hoppie Roets gelig.

Coetzee het vinnig gekolf en saam met Ben Bierman is die lopies vinnig aangeteken. Met die totaal op 66 is Coetzee skoongeboul deur Andries van der Walt met sy telling op 20.

### HOOGSTE TELLING

Weber het hom by Bierman gevoeg en die lopies het steeds vinnig gekom. Johan van der Schyff het gesorg vir die hoogste individuele telling, nl. 26.

Toe die kolftyd verstreke was, het die telling gestaan op 115 vir ses paaltjies wat aangeteken is in 100 minute.

Die koshuisspan het swak afgesit en was van die staanpoor af in die moeilikheid teen uitstekende boulwerk van Dykstra.

### GOEIE BOULWERK

Twee paaltjies was plat vir slegs ses lopies nadat Andries van der Walt deur Dykstra en Riekert deur Weber teruggestuur is. Jan Ras was volgende om terug te stap na 'n moedige beurt.

Die enigste ander koshuiskolwers wat hond haaraf kon maak was Van der Walt (jnr.) en Froneman met 16 en 11 lopies onderskeidelik.

Hessel Dykstra het weer getoon dat daar groot krieket in hom steek deur vyf paaltjies plat te trek vir slegs nege lopies. Hy is goed bygestaan deur Weber wat drie paaltjies vir 13 lopies laat kantel het.

**Telkaart:**

DORPSTUDENTE

| | |
|---|---|
| Coetzee, b Van der Walt | 20 |
| Snyman, uitgehardloop | 7 |
| Dykstra, v Roets, b Labuschagne | 9 |
| Bierman, bvp Froneman | 5 |
| Weber, bvp Riekert | 21 |
| Van der Schyff, b Froneman | 26 |
| Crause, n.u.n. | 8 |
| Monster, n.u.n. | 6 |
| Ekstras | 11 |
| Totaal vir ses paaltjies | 113 |

**Boulontleding:** Labuschagne 7-0-33-1; Van der Walt 8-0-29-1; Froneman 7-2-23-2; Putter 2-0-6-0; Riekert 4-2-7-1; Oosthuizen 1-0-2-0.

KOSHUISSPAN

| | |
|---|---|
| Van der Walt (snr.), bvp Dykstra | 4 |
| Ras, v Monster, b Dykstra | 7 |
| Riekert, v Crause, b Weber | 0 |
| Froneman, bvp Van der Schyff | 11 |
| Eloff, b Dykstra | 0 |
| Labuschagne, v Coetzee, b Dykstra | 0 |
| Oosthuizen, v Oeschger, b Snyman | 9 |
| Van der Walt (jnr.), v Weber, b Dykstra | 16 |
| Putter, bvp Weber | 1 |
| Breytenbach, v Crause, b Weber | 3 |
| Roets, n.u.n. | 0 |
| Ekstras | 6 |
| Totaal | 57 |

**Boulontleding:** Weber 7-2-13-3: Dykstra 10-7-9-5; Van der Schyff 5-1-11-1; Coetzee 3-1-10-0; Snyman 2-0-8-1.

# Prof. Labuschagne — terugblik op sy lewe

NA NEGE-EN-TWINTIG jaar diens aan die P.U., eers as lektor en later as professor, sal prof. F. J. Labuschagne aan die end van 1960 aftree. Prof. Labuschagne is 'n man van durf, eenvoudig en nederig in sy lewenswandel, maar onmiskenbaar 'n oorspronklike denker veral met sy taalleer.

Hy is gebore op 18 November 1895 te Elandskuil in die Ventersdorpse distrik. As kind het hy saam met sy moeder die ellende van die konsentrasiekamp hier te Potchefstroom getrotseer.

Na sy eerste skoolopleiding te Potchefstroom, is hy na 'n C.N.O.-skool en daarvandaan na die dorpskool te Ventersdorp. Na std. 6 was hy 15 dae bankklerk en is toe later weer terug na die skoolbanke.

### IDEALISTIESE STUDENT

Sedert 1915 is die jong en idealistiese student aan die Pretoria Normaalkollege verbonde. Hier ontmoet hy mej. Mollie Grové om eers 10 jaar later met haar in die huwelik te tree. Na sy kollegeopleiding volg die Hoër Taalbondeksamen, O3-Onderwysdiploma, Hoogste Taalbondeksamen snel op mekaar. Saam met prof. G. Dekker lê hy die Diploma vir Nederlandse Letterkunde van die S.A. Akademie af en voltooi kort hierna O2-diploma en matriek.

Vanaf 1924 loop hy vir nege maande klas aan die P.U. en voltooi die B.A.-graad en in 1926 die H.O.D.

'n Nuwe fase in sy lewe begin toe hy in 1927 aangestel word as onderwyser aan die Volkskool. In 1929 slaag hy M.A. buitemuurs met lof en word 1931 vanaf Schweizer-Reneke waar hy skoolhoof was, geroep as senior lektor in Afrikaanse Taalkunde in die plek van prof. S. P. E. Boshoff. Gedurende 1938 ontvang hy hier 'n professoraat.

### HOOGVERRAAD

Saam met prof. B. C. Schutte en mnr. H. G. Steyn word hy in 1941 aangekla van hoogverraad en bring 42 dae agter slot en grendel deur. Met 'n borg van £500 word hy vrygelaat en later deur 'n spesiale hof te Pretoria vrygespreek.

Aan die taalstryd het prof. Labuschagne baanbrekerswerk gelewer. In die politiek was hy 'n leidende figuur. Vir die kultuursaak van die Afrikaner het hy 'n ruim hart en sy bydrae hiervoor, is enorm!

Professor Labuschagne bly nog steeds gedurende 1961 aan die Puk klas gee in taalkunde. Hy hoop egter om die geleentheid te vind om die finale afronding van sy Funksionele Taalleer aan te pak.—G.J.L.S.

# TWEE DEKANE

Die ampstermyn van twee dekane van die vyf fakulteite van die Universiteit verstryk aan die einde van die jaar en gevolglik moes verkiesings gehou word op die jongste Raadsitting.

Prof. W. J. Snyman is verkies tot dekaan van die fakulteit Teologie in die plek van prof. J. P. Jooste. Vir die fakulteit van ekonomiese wetenskappe is prof. D. J. Viljoen herkies vir die volgende drie jaar.


## SHELL-NAGRAADSE STUDIEBEURSE

The Shell International Petroleum Company Ltd. bied namens die Oliemaatskappye van die Koninklike Nederlandse/Shell-groep

## TWEE STUDIEBEURSE

aan, elk ter waarde van £750 per jaar vir twee jaar, geldig aan 'n Universiteit in die Verenigde Koningkryk vir nagraadse studie in een van die volgende vakke:

**Ingenieurswese, Chemiese Ingenieurswese, Chemie, Fisika, Geofisika en Geologie**

Daarbenewens sal die Maatskappy 'n aansienlike gedeelte van die reisgeld betaal.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 November 1960.

Besonderhede aangaande die beurse en aansoekvorms is verkrygbaar by die kantoor van die Registrateur of by DIE SHELL-MAATSKAPPY VAN SUID-AFRIKA BEPERK, PERSONEEL-AFDELING, POSBUS 2231, KAAPSTAD.

Suksesvolle applikante is onder geen verpligting om hulle dienste aan Shell aan te bied nie.

# DIE P.U. vir C.H.O. IN 1960—HOOGTE

## Die Skof Wat Agter Lê

Wanneer teruggekyk word op die skof wat agter lê, kan mens met reg verklaar dat 1960 'n jaar was waarin rustig en bestendig voortgearbei is.

Dit was miskien nie 'n jaar van geweldige hoogtepunte in ons studentelewe nie, maar in der waarheid 'n jaar waarin gewerk is vir die dinge waarvoor ons staan en gestreef is om ons ideale op alle terreine uit te dra.

Dit is voorwaar 'n geslaagde jaar waarop teruggekyk kan word; 'n jaar waartydens die studentelewe van die P.U. vir C.H.O. hom andermaal bewys het as kerngesond.

Dit was ook andermaal 'n jaar waarop teruggekyk kan word op die goeie gesindheid tussen die Universiteitsowerheid en die studentegemeentskap. Sonder die steun en heelhartige samewerking en leiding van die owerheid van die P.U. sou die studentegemeenskap—en in besonder die Studenteraad—sekerlik nooit tot stand kon bring wat wel tot stand gebring is nie.

Op hierdie bladsye wil ons poog om enkele hoogtepunte van die jaar se bedrywighede voor u geestesoog op te roep . . .



Die grootste Vreugdedag in die geskiedenis van die P.U. is vanjaar op luisterryke wyse op Klerksdorp gevier. Die foto—wat by die ingang van Klerksdorp geneem is—bied nie 'n getroue weergawe van die aantal mense wat hulle verkyk het aan die Pukke se skouspelagtige vlotte nie. Die hoogste bedrag ooit met 'n straatkollekte ingevorder, die oorspronklike idee om al die vreugdewaens op 'n sentrale plek te bou, pannekoek, koffie en „hotdogs" wat die gees in 'n jolige werk-spel rigting gestuur het, was die hoogtepunte van vanjaar se grootse Vreugdedag.



Postmahuis het vanjaar gesneuwel en die Vleueliete het Cachethuis betrek. Op die foto verskyn die Vleueliete (in rougewaad?) kort voor hul vertrek na hul nuwe tuiste.

## Die Ideaal en Strewe

Die ideaal van die Studenteraad vir 1960 is aan die begin van die jaar as volg geformuleer: „Ons stel ons ten doel om die Afrikaner se leefwyse en tradisie voort te dra en uit te bou en om met diegene wat van ons verskil, veral hier aan ons eie Universiteit, ten nouste saam te werk om aan almal 'n gelukkige akademiese jaar te besorg."

## Luisterryke Onderneming

**Ses puik musiekkonserte is tydens die ingebruikname van die nuwe konsertsaal van die konservatorium van die P.U. vir C.H.O. aangebied en die onderneming was ongetwyfeld die grootste van sy soort in Potchefstroom.**



Mnr. Idyll van der Walt is tydens die A.S.B.-kongres in April tot sekretaris van die Hoofbestuur verkies. Saam met mnr. Hennie van der Walt is hy die tweede Puk op die Hoofbestuur. 'n Derde Potchefstromer, mnr. Peet Strydom van P.O.K., is ook tot die Hoofbestuur verkies.



Tydens die jaarkongres van die Afrikaanse Studentebond te Heidelberg is mnr. H. J. D. van der Walt verkies tot president van die Bond. Op die foto verskyn hy enkele minute na sy verkiesing.

## S.A. BINNE AFRIKA

Die tema van vanjaar se twaalfde kongres van die A.S.B. te Heidelberg was „Suid-Afrika binne Afrika". Vir Potchefstroom het mnr. J. Hans van Zyl 'n skitterende toespraak gelewer oor die ekonomiese taak in Afrika.

Vyf persone was afgevaardig om die P.U. op die kongres te verteenwoordig, nl. mnre. L. A. S. van Wyk (leier), F. R. P. de Bruyn, A. G. C. Yssel, J. S. du Plooy en J. H. van Zyl. Mnre. P. R. P. Potgieter, D. A. S. Herbst, Id. van der Walt en J. M. Els was amptelike waarnemers, terwyl die vorige direkteur vir studie en navorsing, mnr. F. J. du Toit Lessing, ook teenwoordig was.

Ongeveer sewentig Pukke het voorts aan die kunsfees en die fakulteitskonferensies deelgeneem—en uitstekend gevaar. Die Pukke het op die kunsfees agt eerste plekke, twee tweede plekke en ses derde plekke verower.

*Begin . . .*

**Prof. Dirk van Rooy het tydens die ontheffingsgeselligheid aan die begin van die jaar verklaar dat inlywing soos dit hier bestaan nie anders kan as om 'n heilsame uitwerking te hê op die studentegees en die voortbestaan van 'n gelukkige samesyn aan ons Universiteit nie. Die proefneming om senior eerstejaars by die inlywingaksies te betrek, is 'n stap wat geslaagd geblyk te wees. Hoewel die vrugte hiervan later eers gepluk sal word, is dit onmiskenbaar waar dat hierdie persone nouer by die studentegemeenskap ingeskakel is. Na die inlywingseremonies het die normale studentebedrywighede weer in volle swang gekom.**

## GRADEDAG



'n Rekordaantal grade is tydens die gradeplegtigheid aan die begin van die jaar toegeken. Altesaam 324 grade is toegeken, waaronder 13 doktorsgrade en een ere-doktorsgraad aan min. Jan de Klerk (op die foto).

## S.A. Kampioen



Vir die eerste keer in baie jare het die Puk se atletiekklub vanjaar 'n senior S.A. kampioen opgelewer in die persoon van Hannes Liebenberg. Op grond hiervan is hy dan ook uitgenooi na die Olimpiese proewe in Port Elizabeth. Tydens die Paasnaweek in Bloemfontein het hy daarin geslaag om verskeie Springbokke soos Joe Truter en Klaus Schiess te klop deur op 'n hoogte van 6vt. 5dm. oor die dwarslat te seil. Sy beste hoogte vanjaar was 6vt. 5¼dm.

# PUNTE VAN DIE JAAR IN BEELD



Die span wat die hokkiekroon van die Suid-Afrikaanse Universiteite na Potchefstroom gebring het. Op die foto verskyn (agter) v.l.n.r.: E. Schoeman, Jo Schoeman, R. Bierman, M. Bingle, A. Howell, J. Venter (Kapte.), en M. Bruyns. Voor, v.l n.r.: K. Kotze, A. Viljoen, R. Badenhorst en B. Schör.





Die All Blacks het die eerste wedstryd van hul toer deur Suid-Afrika op Potchefstroom teen die span van die noordelike universiteite gespeel. Hoewel die uitslag vir die Noordelike Universiteite nie te vleiend was nie, het hulle goed vertoon. Twee Pukke, Piet Steinberg (links) en Frans de Bruyn (regs) het die span van die Noordelike Universiteite gehaal.



Tydens hul besoek aan Potchefstroom was die All Blacks ook die gaste van die Universiteit. Asbakkies met Pukwapens is aan elkeen oorhandig. Op die foto verskyn van links na regs: prof. J. Chr. Coetzee (rektor), Piet Steinberg, mnr. Tom Pearce (bestuurder van die All Blacks), prof. W. N. Coetzee en Henry Steynberg (kaptein Noordelike Universiteite).

## Groot Toere


Die twee toerende liggame van die P.U.—Thalia en Alabama—het weer vanjaar toere onderneem. Eersgenoemde het groot skares in Suidwes getrek met Kandidaat van Bommel terwyl Alabama se ligte nommers so reg in die smaak van die Oos-, Noord- en Wes-Transvalers geval het. Albei toere het stewige winste opgelewer.

## Nuwe Voorsitter

Mnr. J. J. de Wet Krüger is tydens die verkiesing op 6 September verkies tot nuwe voorsitter van die Studenteraad in opvolging van mnr. Hennie van der Walt, wat twee jaar lank aan roer van sake gestaan het.

Mej. C. W. Postma is die damesverteenwoordigster en ook hoofdame vir 1961.


Die ander lede van die nuwe Studenteraad is: mnre. P. R. P. Potgieter en J. M. Els (A.S.B.), J. H. Boneschans en P. W. Bingle (Korps), J. J. de Jager en P. E. Bosman (S.S.B.) en P. A. Venter en C. J. H. Venter (A.B.K.K.)




Mnr. J. M. Els.
[Foto: Fotokuns.



Vir Arnold van Wyk (op die foto) was die musiekfees van die P.U. 'n besondere geleentheid aangesien dit die eerste keer wat dat 'n hele aand aan sy komposisies gewy is. Die programkeuse het 'n goeie beeld van sy toonsettinge gelewer en die insiggewende verduidelikings by sy werke het die aand onvergeetlik gemaak.



Johan van der Walt, puik langafstandatleet van die Puk, breek die lint tydens die Wes-Transvaalse kampioenskappe op Olënpark in die tyd van 4min. 23.9sek. Sy beste tyd oor die myl vanjaar was 4min. 22sek. Van hierdie jong atleet word nog hoë verwagtings gekoester.



Mnr. Frans de Bruyn (op foto) is vir die tweede agtereenvolgende jaar verkies tot sekretaris van die Studenteraad met mnr. Dirk Herbst as ondersekretaris en Nic Swart as penningmeester.
[Foto: Fotokuns.



Mnr. Koos du Plooy is die nuwe ondervoorsitter van die Studenteraad.
[Foto: Fotokuns.

# Hoogtepunte van die Jaar se Sport

**BAIE VAN ONS sportmanne en -vroue op die Puk het reeds hul swanesang op ons sportvelde gesing. Soos hul sportloopbane aan die Universiteit nou iets van die verlede is, het ook die sportseisoen van 1960 vir al die studente nou ten einde geloop.**

Weliswaar het die somersport reeds hul vere vir die komende seisoen reggeskud, maar hulle val nie onder die liga van hierdie jaar nie.

Met die oorhandiging van die vyf bekers wat die rugbyklub verower het, het ons sportseisoen op 'n hoë noot afgesluit. Vanjaar het die Puk weer 'n besonder geslaagde sportjaar belewe. In die Wes-Transvaalse sportliga was die Universiteit se spanne 'n krag om gevrees te word en in hierdie aspek van die saak het ons sportklubs hulself ook deeglik laat geld.

### REGTE GESINDHEID

Tog is die stand van die spanne aan die einde van die seisoen nie die belangrikste oorweging in die beoefening van sport nie ofskoon 'n mens dankbaar is as in hierdie sy van die saak ook goed gevaar word. Die vraag wat elke sportman homself aan die einde van die seisoen moet afvra is of hy sport met die regte gesindheid beoefen het.

Dit is van baie groter belang om soos die sportmanne van die Puk op 'n gesonde basis mee te ding en volgens die leuse van die Alma Mater hul op die sportvelde uit te leef.

'n Uitstaande kenmerk van die jaar se sportontwikkeling is die vasberade gees waarmee veral die jongere klubs hul taak aangepak het. Ons dink veral hier aan die besondere vooruitgang van die bofbal-, swem- en judoklub.

### GESLAAGDE TOER

Soos in die verlede het die Puk vanjaar ook sy sukses na buite gehad. Verskillende sportklubs het gedurende die wintervakansie geslaagde toere onderneem. Hier het die dameshokkiespan 'n uitmuntende vertoning gelewer en is tans die Suid-Afrikaanse Universiteite hokkiekampioene.

Die Universiteit het ook sy individuele kampioene en provinsiale spelers gelewer. In die persoon van Hannes Liebenberg het ons die S.A. Junior en Senior hoogspringkampioen. Aangesien hy vanjaar 'n eerstejaar is, sal hy die Puk nog lank kan dien.

Gesamentlik het al die sportklubs 'n totaal van 35 persone gelewer wat Wes-Transvaal verteenwoordig het.

Die hoogtepunte van elke klub is kortliks soos volg:

## Dameshokkie

Soos reeds genoem, is die dameshokkiespan die sportklub van die Puk wat die meeste eer ingeoes het met hul uitstaande vertonings tydens die wintertoernooi, Intervarsitie en die feit dat hul Wes-Transvaalse ligakampioene is.

Hierdie prestasie is behaal onder die aanvoering van Jeanne Vetter. Verder is Albertha Howell, Rina Bierman en Anerie Viljoen vir die Proteaspan gekies.

## Manshokkie

Hoewel die klub mank gaan weens die gebrek aan belangstelling in hokkie, het dit ook 'n geslaagde seisoen agter die blad.

Met heelwat veterane in die span soos Hessel Dykstra—wat ook in die S.A.U.-span gespeel het—B. Pithey, Vic van Aswegen, André Muller, Koos van Wyk en kaptein Gert Snyman het hul ook in die liga geëindig.

In die wintertoernooi het die Pukspan derde gekom. Die klub het 'n splinternuwe baan gekry.

## Atletiekklub

Die atletiekklub het vanjaar een van die mees geslaagde seisoene in hul bestaan gehad.

Die basis hiervan is gelê deur 'n ywerige bestuur wat gereelde byeenkomste vir die atlete gereël het om die belangstelling van die atlete dwarsdeur die seisoen gaande te hou.

Verder is landlope ook gereeld gehou. Die gevolg van die baie oefening wat die atlete kon kry, is dat Puk in teenstelling met die vorige jare derde op die ranglys van S.A.U. geplaas is.

Die klub het ook twee atlete, Hannes Liebenberg en Johan van der Walt, na die Olimpiese proewe gestuur.

Die toestand van die atletiekbaan laat nog veel te wense oor.

## Tennisklub

Benewens deelname aan die Potchefstroomse winterliga waarin die klub derde geëindig het, het die klub deelgeneem aan die wintersaamtrek in Pretoria en op Ellispark het Dawie du Plessis en F. Albertyn die Plattelandse Skild verower. Vanjaar het die klub van 'n moderne afslaanmasjien gebruik gemaak.

## Krieketklub

Met die oorvleueling van die wintersportsoorte moes die krieketklub vanjaar weer 'n sukkelbestaan voer.

Die belangstelling in krieket aan die Puk was vanjaar bedroewend en die klub kon dan ook geen noemenswaardige prestasie daarstel nie.

Die nuwe bestuur het darem reggekry om nuwe belangstelling in krieket gaande te maak deur die daarstelling van 'n koshuisliga. Dit behoort goeie voorbereiding te wees vir die toernooi aan die einde van die jaar in Kaapstad.

## Bofbalklub

Die bofbalklub het vanjaar weer bewys dat 'n jong klub sy sout werd is.

Vanjaar is dan ook twee spanne in die liga ingeskryf en hul het hier ook goed gevaar. Toy Dannhauser, Peet Oeschger en Rassie van der Westhuizen het Wes-Transvaalse bofbalkleure verwerf.

## Korfbalklub

Die korfbalspeelsters het 'n vol program agter die rug. Behalwe die ligaverpligtings wat hulle moes nakom, is verskeie vriendskaplike wedstryde asook 'n korfbaldag gereël.

Tydens die Intervarsitiebotsing moes die Pukke die knie buig voor die Kovsies omdat hul netbal moes speel.



**Die Rugbyklub van die P.U. het in die afgelope seisoen altesaam vyf bekers verower, nl. die Barnardbeker (O/19), Tod Suttie (tweedeliga), Krekeins (vir die beste posisie op die puntelys), die Garnisoenbeker en Olënbeker (derdeliga). Op die foto verskyn v.l.n.r. I. J. Lessing, P. E. Bosman, mnr. J. Schutte, H. J. Harmse, F. C. de Beer en Hans van Zyl.**

**[Foto: Davy Robertson.**

## Jukskeilaer

Oor die algemeen het hierdie klub glad nie sleg gevaar met hul wedstryde nie. Faktore wat hul teenwerk is die gebrek aan genoegsame bane en die kort jukskeiseisoen.

## Swemklub

Na al die jare van 'n kwynende bestaan het die bestuur van die swemklub 'n positiewe rigting ingeslaan waarop in die toekoms voortgebou moet word.

Meer swembyeenkomste as in die verlede het plaasgevind maar nog nie genoeg om swemmers goed voor te berei vir Interuniversitêre toernooie nie. Met die pragtig uitgeteëlde swembad tot hul beskikking, kan ons hoë vertonings in die nabye toekoms van die swemblub koester.

## Amateurstoeiklub

Hoewel daar genoegsame belangstelling in stoei was, kon die klub nie tot sy reg kom weens die beserings van vyf staatmakerstoeiers nie. Die klub het bepaald 'n ongelukkige jaar gehad.

## Tafeltennis

Hoewel die belangstelling in tafeltennis nie na wense is nie, het die spelers stewig vertoon in die liga. Die klub het aan die wintersportbyeenkoms met 'n redelike mate van sukses deelgeneem en het ook verskeie vriendskaplike wedstryde gespeel.

## Judo

Die judoklub is so pas onder die patroonskap van die S.R. ingeskakel nadat die matmanne vanjaar bewys het dat hulle 'n aanwins vir die S.S.B. sal wees.

Die judoklub het hard geoefen en het veel baat gebind deur die bywoning van die wintersportbyeenkoms

## Rugby

As geheel het die rugbyklub vanjaar weer besonder goed gevaar.

Weliswaar het die eerstespan nie weer hul prestasies van verlede jaar herhaal nie maar dit is opmerklik dat al die ander spanne wel die liga gewen het.

**Navy** en **Tekkies** het die sake met enkele punte beklink terwyl die O/19's en **Fires** heeltemaal onoorwonne uit die liga getree het.

Daarbenewens het die rugbyklub van die Puk die Krekeinsbeker verower vir die klub met die beste algemene stand van spanne in die liga.

Die eerstespan het vanjaar met pragtige rugby begin wat dan ook 'n hoogtepunt met Intervarsitie bereik waar Ukovs 'n naelskraap oorwinning behaal het. Na Intervarsitie het die spelstandaard aanmerklik verlaag.

Die eerstespan het ook 'n onvergeetlike rugbytoer gedurende Juliemaand gehad.

* * *

● Na so 'n geslaagde sportjaar kan ons net met dankbaarheid terugblik. Laat die nuwe besture wat reeds oorgeneem het, met ywer aan die werk spring om nog te verbeter waar dit kan. Langenhoven het gesê: „Goed genoeg was nog nooit goed genoeg nie."

Vergun ons ook in hierdie stadium om hulde te bring aan die sportmanne en -vroue wat ons gaan verlaat. Ons het baie van hulle geleer en wil hul sterkte toewens vir hul verdere loopbane.

Mag dit in die vreemde, op die sportveld en in u lewensbaan, ook soos op die Puk u leuse wees om alles te doen „In U Lig."—I.J.L.

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertandlekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.




**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 345/6877-2A

Gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 31, Potchefstroom.